Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2022

# RELIGIESTUDIES V1 NASIENRIGLYN (EKSEMPLAAR)

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 14 bladsye.

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 1.1.1 **B** – Ateïsme (1)

1.1.2 **A** – Sinkretisme (1)

1.1.3 **D** – Mite (1)

1.1.4 **C** – Sekulêre staat (1)

1.1.5 **B** – Gebed (1)

1.1.6 **A** – Storie (1)

1.1.7 **A** – Teïsme (1)

1.1.8 **D** – Al die bogenoemde (1)

1.1.9 **B** – Boeddhisme (1)

1.1.10 **C** – Islam (1)

1.2 1.2.1 **B** – Vedas (1)

1.2.2 **A** – Tripitaka (1)

1.2.3 **F** – Tanak (1)

1.2.4 **E** – Koraan (1)

1.2.5 **C** – Bybel (1)

1.2.6 **D** – Kitāb-i-Aqdas (1)

1.3 1.3.1 Mohammed – is die stigter van Islam. Die ander twee word met Christendom en Judaïsme geassosieer. (2)

1.3.2 Halaal – verwys na die Islamitiese voedsel higiëne-wette. Die ander twee is met Christendom geassosieer. (2)

1.3.3 Durban – is ŉ stad in Suid-Afrika. Die ander twee is godsdienstige heilige stede. (2)

1.3.4 Pastoor – is a Christelike godsdienstige leier. Die ander twee word met Afrika Tradisionele Godsdiens geassosieer. (2)

1.3.5 Woordeboek – Die ander twee is heilige tekste. (2)

Kopiereg voorbehou 

1.4 1.4.1 Moskee (2)

1.4.2 Poligamie (2)

1.4.3 Ghoeroe (2)

1.4.4 Kgotla (2)

1.4.5 Sinagoge (2)

1.5 1.5.1 VALS. Hy was die leier van die Wêreldraad van Kerke. (2)

1.5.2 WAAR. (2)

1.5.3 VALS. Judaïsme is een van die nie-sendeling godsdienste. (2)

1.5.4 VALS. Aartsbiskop Desmond Tutu het die Nobelprys vir sy rol in die apartheidstryd ontvang. (2)

1.5.5 VALS. Die Hindoe religie bied beskerming vir diere soos ape, slange en selfs rotte in sekere tempels. (2)

1.6 1.6.1 **Aanbidding**

- Aanbidding sluit beide uitdrukking van verwysing na ŉ goddelike wese of ŉ bonatuurlike krag in.
- Dit beklemtoon die fokus van aanbidding as ŉ vorm van godsdiens beoefening met ŉ stel oortuigings en rituele.
- Dit verduidelik ook hoe aanbidders hierdie fokus toon. (2)

1.6.2 **Doktrine**

- Dit is ŉ sinoniem vir onderrig.
- Word soms gebruik om na die hele stel oortuigings in ŉ godsdiens te verwys.
- Leerstellings is ŉ verklaring van noodsaaklike oortuigings.
- Dit funksioneer om te verseker wat noodsaaklik vir die godsdiens is. (2)

**[50]**

**TOAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B**

**VRAAG 2**

2.1 2.1.1 **WAARVOOR VRA DIE MOSLEM-VROUE?**

- Vir moskees om hulle in te sluit.
- Vir moskees om areas vir vroue oop te maak.
- Om in die leierskap van die moskees ingesluit te word.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

2.1.2 **UIT DIE LEESSTUK DUI AAN HOE MOSLEM-VROUE UITGESLUIT WORD DEUR DIE PRAKTYKE VAN HUL RELIGIE**

- In Islam, word slegs mans toegelaat om in die moskee te bid.
- Vroue word nie toegelaat om in die moskee te bid nie.
- Vroue word ook nie toegelaat om deel van die leierskap van ŉ moskee te wees nie.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

2.1.3 **UIT DIE ARTIKEL, DUI AAN DIE VOORUITGANG WAT DEUR VROUE GEMAAK IS.**

- Moskees wat deur vroue gelei word.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (2)

2.1.4 **DINK JY VROUE MOET IN LEIERSKAPSPOSISIES INGESLUIT WORD?**

- Elke mens het waarde, so wanneer vroue uitgesluit word van leierskap op die basis van geslag, gaan die waarde van vroue se bydrae tot daardie organisasie verlore, hetsy ŉ kerk of ŉ moskee.
- Vroue het die vermoë om wyse en dapper besluite te neem as leiers.
- Hulle bring ŉ familie gevoel tot die span.
- Vroue help om die span atmosfeer minder outoritêr en meer samewerkend te maak.
- Terwyl mans soms hard en impulsief in hul besluitneming is, bring vroue ŉ ander perspektief wat meer vroulik en liefdevol, selfs goddelik in hul hantering van situasies.
- Vroue is soms nie beïndruk met ŉ persoon se oënskynlike charisma of geld nie, maar beoordeel alle mense regverdiglik.
- Voorbeelde van vroulike leiers uit die Bybel sluit Debora en Ester in.

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

2.2 2.2.1 **WATTER VERNUWINGS IN TERME VAN GESLAG, HET DIE ROOMS- KATOLIEKE KERK ONDERGAAN?**

- Vroue word nou toegelaat om as lesers te dien.
- Vroue word ook nou toegelaat as altaar bedienaars.
- Vroue word toegelaat om die priesters te assisteer tydens dienste.
- Hulle word ook toegelaat om te help met die bediening van die Heilige Avondmaal / Nagmaal. (4)

2.2.2 **HAAL EEN SIN AAN UIT DIE UITTREKSEL WAT AANDUI DAT VROUE STEEDS NIE AS GELYKE MENSE GESIEN WORD NIE.**

- "Francis, het egter herhaal dat die priestersamp steeds slegs ŉ manlike rigting vir mans is. (2)

2.2.3 **"DIE KERK WORD BEDRIEG … LEIERSKAP. STEM JY SAAM? GEE REDES VIR JOU ANTWOORD**

**JA, EK STEM SAAM**

- Aangesien kerkleierskap meestal manlik is, kry hulle nooit die volle perspektief in daardie gemeente of organisasie nie.
- Kerkleierskap sonder vroue los nie net ŉ onheilspellende stilte uit die geledere van die meerderheid lidmaatskap nie, maar laat ook alles wat die kerk doen, sonder gewig / betekenis.
- Mans verstaan nie noodwendig vroue aangeleenthede nie en geen hoeveelheid sensitiwiteitsopleiding in hierdie area sal hierdie gaping in hul afresigheid kan vul nie.

**EK STEM NIE SAAM NIE**

- Mans het nog altyd goeie werk gedoen in terme van kerk leierskap.
- Waarom iets verander wat werk? (4)

2.3 **HOE HELP DIE KONFLIKTEORIE OM DIE STRYD VAN VROUE IN VERSKILLENDE GODSDIENSTE TE VERDUIDELIK?**

- Volgens konflikteorieë speel godsdiens ŉ negatiewe rol in die samelewing en dit lei selfs tot konflik.
- Hulle sê dat sosiale stelsels soos godsdienste help om ongelykhede te ondersteun, selfs met dwang.
- Feministiese teologie kan as ŉ voorbeeld van ŉ konflikteorie beskou word.
- Die manier waarop godsdienste vroue marginaliseer en van godsdienstige mag en deelname aan strukture uitsluit, word deur dit ondersoek.
- Leerders kan voorbeelde van uitsluitingsmeganismes in verskillende gelowe noem / identifiseer waar dit gebruik word.
- Hulle moet die name van godsdienste noem waar dit gebeur.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

2.4 **HOE VERDUIDELIK FUNKSIONALISTIESE TEORIE DIE ROL VAN GODSDIENS IN DIE SAMELEWING?**

- Funksionalistiese teorieë probeer om die doel van godsdiens in die samelewing te verduidelik, as ŉ manier om mense te help om die lewe se probleme te hanteer.
- Om vir die mense hoop en betekenis in die aangesig van betekenisloosheid, boosheid en lyding te gee.
- Yinger, ŉ funksionalistiese teoretikus, sê dat godsdiens meer daaroor gaan om in iets te glo en nie so seer oor die objek van die geloof nie.
- Dus, volgens hom, hoef daar nie ŉ God of bonatuurlike wese te wees nie.
- As mense in iets buite hulself glo en dit help hulle om antwoorde op die uiteindelike vrae te kry, dan is dit godsdiens.
- Emile Durkheim en Hans Mol se teorieë sal gekrediteer word.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (8)

2.5.1 **GODSDIENS IS NIE STATIES NIE, MAAR DINAMIES. BREI UIT OOR HIERDIE STELLING.**

- Die tradisionele maniere van dinge doen is nie meer relevant vandag nie.
- Die San-gemeenskap en godsdiens het deur baie veranderinge gegaan. (4)

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

2.5.2 **DINK JY DAT TRADISIONELE GENESING STEEDS ŉ BELANGRIKE ROL IN DIE STRYD TEEN MIV/VIGS EN COVID-19 KAN SPEEL?**

**JA**

- Baie mense gebruik steeds tradisionele medisyne soos kruie vir genesing, soos bv. 'Umhlonyane'.
- Die gesondheidsowerhede moedig tradisionele genesingsgebruike aan.
- Daar is mense in ons gemeenskappe wat nog sterk in tradisionele genesing glo. (6)

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

2.5.3 **WAAROM WORD DIE SAN-GEMEENSKAP JAGTER-VERSAMELAARS GENOEM?**

Hulle het hul lewensonderhoud verkry deur te jag en te versamel. (2)

2.5.4 **WAT WORD DIE GEESTELIKE KRAG VAN DIE SAN GEMEENSKAP GENOEM?**

- ŉ Beswymingsdans.
- ŉ Beswymingsdans is ŉ dans wat die geneser uitvoer en hy/sy gaan die geesteswêreld binne. (2)

**[50]**

**VRAAG 3**

3.1 3.1.1 **HAAL EEN WOORD UIT PARAGRAAF 1 AAN, WAT SÊ DAT DIE PROBLEEM TE GROOT VIR EEN ORGANISASIE IS.**

- "Span" (2)

3.1.2 **VOLGENS DIE ARTIKEL, WAT WAS DIE FINALE GEVOLG VIR WILLEMPIE?**

- Hy het gesterf (2)

3.1.3 **HAAL BEWYSE AAN UIT DIE ARTIKEL DAT WILLEMPIE SE OUERS HOM AFGESKEEP HET.**

- "Ongelukkig was sy ouers so besig met hul eie dinge – om hul stand in die gemeenskap blink te poets en met hul rykdom te spog – dat hulle nie hul seun se geleidelike verval tot in die rioolputte van die samelewing raakgesien het nie." (2)

3.2 **AS JY OP DIE BEHEERRAAD WAS, WATTER RIGLYNE SOU JY AANBEVEEL VIR DIE HANTERING VAN DWELMMISBRUIK ONDER LEERDERS?**

- Die toetsing van leerders waar ʼn vermoede is dat hulle onder die invloed van dwelms is, moet gereeld gedoen word.
- Die skool moet, in samewerking met die polisie, op ʼn gereelde basis deursoek word.
- Dwelms in en rondom die skool moet gemonitor word.
- Bewusmakingsprogramme vir beide leerders en onderwysers, moet gedoen word, om hulle die nodige kennis te gee om weg te bly vanaf dwelmmisbruik.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (6)

3.3 **WATTER ROL KAN GODSDIENSLEIERS SPEEL OM DIE PROBLEEM AAN TE SPREEK?**

- Godsdiensleiers moet saam kom om te werk aan moontlike oplossing vir die probleem.
- Werkswinkels moet gehou word om mense in te lig oor die negatiewe impak van dwelms op mense se lewens.
- Voorsien gelowiges van geloofsgebaseerde redes om nie in dwelms betrokke te raak nie.
- Gee ook aan gelowiges wetenskaplike bewyse oor die negatiewe gevolge van dwelms.
- Gee berading aan dwelmverslaafdes – wys rolprente oor hoe dwelms mense se lewens kan verwoes.
- Help families wat probleme met dwelmverslaafdes ondervind.
- Werk saam met die regering.
- Werk nou saam met nie-regeringsorganisasies.

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (8)

3.4 **JY IS GENOOI VIR ʼn ONDERHOUD OP ʼn JEUGPROGRAM OOR DIE IMPAK VAN DWELM MISBRUIK IN JOU GEMEENSKAP. SKRYF ʼn OPSOMMING VAN WAT JY WIL SÊ IN DIE ONDERHOUD.**

- Dwelmmisbruik het gelei tot sinnelose geweld onder die jeug in ons gemeenskap.
- Dit het gelei tot bendegeweld, waar jongmense van verskillende gebiede teen mekaar baklei, selfs op skool.
- Konflik tussen leerders en onderwysers het toegeneem aangesien sommige jongmense nie aan die reëls van die skool wil onderwerp nie.
- Studente het hulself uit die skool geskors.
- Sommige studente is selfs gearresteer vir hul aandeel in die bendegeweld by die skool en in die gemeenskap.
- Verkragtings, moorde en rooftogte het byna 'n alledaagse gebeurtenis in die gemeenskap geword.
- Eiendom van die skool is beskadig in die gewelddadige onderonsies wat op die skoolterrein plaasgevind het.
- Die gemeenskap voel geterroriseer deur hierdie jong misdadigers wat deur die polisie opgetel word, net om dadelik in die ouers se sorg vrygelaat te word.

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (8)

3.5.1 **WAAROM GEBRUIK RASTAFARIËRS DAGGA IN HUL GODSDIENSTIGE SEREMONIES?**

- Hulle glo dit bring hulle nader aan ‘Jah’ (God).

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (2)

3.5.2 **RASTAFARIËRS SIEN NIE MARIJUANA AS ʼn DWELM NIE. STEM JY SAAM? MOTIVEER JOU ANTWOORD.**

**EK STEM SAAM**

- Marijuana word die ‘wysheidskrui’ of ‘die heilige krui’ genoem en baie Rastafariërs glo dat dit was deur God geskape soos enige ander plant, so dit moet nie as ʼn dwelmmiddel behandel word nie.
- Sedert dagga plantgebaseerd is, moet dit nie as ʼn dwelmmiddel beskou word nie.
- Dit moet dieselfde status as sigarette kry wat mense in enige winkel kan koop.
- Soos met die rook van sigarette, moet dit wettig wees om in die straat te rook.
- Niemand word gearresteer wanneer hulle sigarette rook of koop nie.
- Waarom moet mense gearresteer word vir die rook of koop van marijuana?

**EK STEM NIE SAAM NIE**

- Terwyl marijuana plantgebaseerd is soos sigarette, is dit baie sterker as ʼn gewone sigaret.
- Mense wat dagga rook gaan in ʼn veranderde toestand of ʼn euforiese toestand in waar hulle nie veel weet oor hulself of wat rondom hulle aangaan nie.

- Dit kan tot ernstige besering of selfs dood lei as hulle voor ’n motor beland of die verkeerde ding aan die verkeerde mens sê.
- Dwelmgebruik lei gereeld tot misdaad, arrestasie en tronkstraf.

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

3.6 **HOOFREDES WAAROM GODSDIENS TEEN ONTSPANNING WAT DWELMS, ALKOHOL OF DOBBELARY INSLUIT**

- Hindoes glo dat dobbelary baie ellende bring. Dit kan ook skade aan jou goeie naam bring.
- Boeddhiste glo dat dobbelary tot bose gevolge lei.
- Vir Moslems is die drink van alkohol en dobbelary ’n verfoeilikheid en van Satan.
- Jode glo dat dobbelaars diewe is.
- Dobbelary en alkohol word ook deur die Jode verbied.
- Dwelms, alkohol en dobbel vernietig lewens.
- Christendom verbied die misbruik van alkohol en dwelms, omdat dit lewens verwoes.

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (8)

3.7 **TWEE ONTSPANNINGSAKTIWITEITE TEN GUNSTE IS**

- Sport
- Familie-uitstappies
- Speel speletjies
- Kyk televisie.
- Lees

**TWEE ONTSPANNINGSAKTIWITEITE GEKANT IS TEEN**

- Dwelms
- Alkohol
- Dobbel
- Prostitusie
- Pornografie

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (8)

**[50]**

**VRAAG 4**

4.1 4.1.1 **VERDUIDELIK KORTLIKS DIE KONSEP *RITUEEL*.**

- ŉ Ritueel is ŉ sosiale aksie wat tydens spesiale tye uitgevoer word.
- Dit word uitgevoer op ŉ spesifieke of voorgeskrewe manier.
- Spesiale klere word dikwels aangetrek en daar is ŉ stel aksies en gebeurtenisse wat uitgevoer moet word.
- Dit kan bepaalde gebare, woorde, klere en ander nie-visuele simbole insluit.
- Dit merk gewoonlik spesiale oomblikke in die lewe van ŉ godsdiens, of die deurgangsrite(s) van ŉ individu in ŉ gemeenskap.

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (6)

4.1.2 **VERDUIDELIK IN JOU EIE WOORDE HOE COVID-19 DIE UITVOER VAN DIENSTE, BEGRAFNISSE EN TROUES BEÏNVLOED HET**

- Alle kerke was gesluit, so dienste is na aanlynplatforms verskuif.
- Sommige kerke het Zoom as ŉ manier gebruik om dienste te hou, waar die prediker deur die kykers of deelnemers gesien kan word en die predikers ook weet wie ingeskakel is.
- Sommige kerkleiers het "Facebook live" gebruik om met hul lidmate te kommunikeer.
- Baie kerke het selfs WhatsApp groepe geskep waar hulle foto's van die verskillende predikers en preke in die vorm van stemboodskappe opgelaai het.

- Begrafnisse was ook aanlyn uitgesaai met die beperkings op bewegings tussen provinsies en die aantal mense wat begrafnisse kon bywoon.
- Baie begrafnisse was direk op Facebook uitgesaai.
- Die tyd wat vir begrafnisse toegestaan word, is drasties verminder na 2 ure vanaf die huis na die graf, insluitende die diens by die kerk.
- Bywoningsregisters, temperatuurmetings en die sanitering-stasies het die nuwe normaal in dienste geword.
- Vir meeste van die grendeltydperk, was daar by huwelikseremonies slegs 50 mense toegelaat. Zoom en Facebook het die gekose aanlynplatforms geword om troues uit te saai vir diegene wie nie kon by wees nie.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (8)

4.1.3 **WAT IS ŉ *DEURGANGSRITE*?**

- Deurgangsrites is seremonies/rituele wat die oorgang of veranderings vier.
- Dit simboliseer die oorgang van een lewenstadium na ŉ ander.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

4.1.4 **NOEM DRIE DEURGANGRITES IN GODSDIENS.**

- Geboorte-rituele / rites
- Inisiasie / Puberteitrites
- Huweliksrites.
- Sterfte-rites.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (6)

4.1.5 **GEE TWEE REDES WAAROM RITUELE BELANGRIKE OORLEWINGSINSTRUMENTE IS TYDENS DIE COVID-19 PANDEMIE**

- Die deelname aan rituele kan stres verlig deurdat dit ʼn geleentheid bied om interaksie te hê met ander mense, masker tot masker, en nie net op sosiale media nie.
- Rituele gee mense ʼn geleentheid om beheer uit te oefen oor hul beperkte omgewing.
- Tydens Covid-19 het rituele nuwe sosiale belangrikheid verkry deurdat dit mense bymekaar gebring het.

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

4.1.6 **DIE DOEL VAN RITUELE**

- Dit bring mense met gemeenskaplike oortuigings en belangstellings saam.
- Dit laat hulle toe om hul geskiedenis te onthou en te vier.
- Dit versterk groepsbande, of hierdie rituele in die familie, by die huis, by die skool, binne godsdienstige organisasies of nasionaal plaasvind.

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (8)

4.1.7 **WAAROM IS RITUELE ʼn POTENSIËLE COVID-19 BEDREIGING?**

- Sommige rituele trek groter skares as wat toegelaat word.
- Dit beteken dat die sosiale afstand protokol verlore gaan in die proses.
- Rituele is oor die algemeen gebeurtenisse waar familie en vriende diegene ontmoet wie hulle lanklaas gesien het.
- Dus, raak hulle soms agterlosig en raak te gemaklik met mekaar. Hulle haal hulle maskers af en sosialiseer op ʼn baie onverskillige manier.
- Mense deel sigarette, drinkglase, insluitende die tradisionele bierhouer by volwassewording seremonies na die inisiasie.

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (8)

4.1.8 **ROLLE VAN RITUELE**

- Sosiale rolle.
- Sielkundige rolle.
- Geestelike rolle.

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (6)

**[50]**

**VRAAG 5**

5.1 5.1.1 **HAAL EEN SIN AAN WAT DIE ORGANISASIE SE AKSIES VERDUIDELIK**

- "Die organisasie het dit vanuit die staanspoor gestel dat sy optrede nie teen die Christelike geloof self gekant is nie, maar dat praktyke wat in die naam van godsdiens, en in die besonder die Christelike geloof in openbare skole gepleeg word, daartoe lei dat teen kinders wat ander gelowe, of geen geloof aanhang nie, gediskrimineer word." (2)

5.1.2 **"… EN HUL RÛE BEGIN STYF MAAK." WAT BETEKEN HIERDIE AANHALING?**

- Oor die algemeen beteken dit dat 'n persoon nie toelaat dat hy of sy net rond gestoot of in sekere besluite in geboelie word nie.
- Jy kan, dus, aflei dat hierdie mense begin op staan teen die outoritêre posisie wat die Amerikaanse Hooggeregshof begin in neem het.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (2)

5.2 **VERBEEL JOU DAT JY DIE VOORSITTER(STER) VAN DIE LEERLINGRAAD BY JOU SKOOL IS. SKRYF 'N GEDRAGSKODE WAT VERDRAAGSAAMHEID BEVORDER.**

- Alle leerders is vry om deel te neem aan en die godsdiens van hul keuse te beoefen.
- Bywoning by godsdienstige praktyke en samekomste is vrywillig en oop vir enigeen.
- Godsdienstige vakansiedae van alle godsdienste gaan gelyke behandeling ontvang.
- Godsdienstige kleredrag gaan toegelaat word op spesiale godsdienstige heilige dae.
- Elke godsdienstige leier wie 'n byeenkoms wil waarneem, sal toegelaat word.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (8)

5.3 **WATTER BENADERING SAL DIE BESTE WEES VIR SUID-AFRIKA?**

**DIE DUITSE BENADERING**

- Die Duitse regering het groot sukses behaal met die integrasie van mense in hulle manier van lewe.
- Die Duitse benadering laat mense toe om hul godsdiens in ŉ nie-outoritêre manier te beoefen, terwyl hulle ook godsdienstige of sektariese geweld, tot ŉ groot mate, uitgeroei het.
- Sedert die Tweede Wêreld oorlog, het die wêreld nie weer ŉ Duitse samelewing gesien beweeg na ŉ punt waar sommige van sy burgers uitgeroei is nie.
- Mense se burgerlike vryhede word gehandhaaf, nie vertrap nie, soos in die Amerikaanse samelewing.

**DIE AMERIKAANSE BENADERING**

- Die Amerikaanse benadering neem godsdiens beoefening en die tentoonstelling van godsdienstige simbole totaal uit die openbare oog en in die privaatheid van huise en kerkgeboue.
- Dit neem ook die openbare identiteit van mense weg van hulle godsdienstige affiliasie.
- Dit sal groter eenheid bring want mense sal hul identiteit moet koppel aan hul burgerskap, in plaas van hul godsdienstige identiteit.
- Daar sal, dus, nie meer Christene, Moslems of Jode wees nie, maar slegs Suid-Afrikaners.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (8)

5.4 **WATTER ABSURDITEITE VERWYS DIE SKRYWER NA?**

- Die bekendste voorbeeld was seker die regter wie ŉ beeld van die Tien Gebooie uit sy kantoor moes verwyder.
- ŉ Kerk was aangekla omdat, wanneer deur die geslote hek gekyk word, ŉ Christelike simbool te sien was, wat die opponente geoordeel het in die openbaar en beledigend was.
- Die gebruik van "Merry Christmas" was vervang met "happy holidays" as gevolg van die konneksie met die Christelike geloof.

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (6)

5.5.1 **WAT IS DIE PRIMÊRE FOKUS VAN GIFT OF THE GIVERS?**

- Ramphulp
- Hongersnoodverligting
- Watervoorsiening
- Gesondheidsorg
- Opvoeding
- Sosiale opheffing

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

5.5.2 **WIE BESIT "GIFT OF THE GIVERS"?**

- Imtiaz Sooliman is die stigter van die organisasie. (2)

5.5.3 **DINK JY DIE ORGANISASIE IS SUKSESVOL? GEE REDES VIR JOU ANTWOORD.**

JA. "GIFT OF THE GIVERS" is baie suksesvol.

- Elke keer wanneer 'n ramp ons land of enige ander plek in die wêreld tref, is hulle vinnig om te mobiliseer om die behoeftes aan te spreek.
- Hulle was selfs ook betrokke in droogte rampgebiede om die behoeftes te help aanspreek.
- Hulle het goed reageer op die oproep vir hulp tydens die brande in Kaapstad.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (6)

5.5.4 **GEE TWEE VOORBEELDE VAN GODSDIENSTIGE HULP-ORGANISASIES.**

- Rooi Kruis, Christian AID, Samaritan's Purse, World Relief.
- Jewish Relief Agency, B'nai B'rith, Am Yisreal Foundation.

(2 x 2)

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

5.6 **IS SUID-AFRIKA 'n SEKULÊRE OF TEOKRATIESE STAAT? GEE 'n REDE VIR JOU ANTWOORD.**

- Suid-Afrika is 'n sekulêre staat.
- Die staat meng nie in by godsdienstige kwessies nie.
- Alle religieë geniet gelyke erkenning.

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

5.7 **NOEM TWEE MANIERE WAAROP GODSDIENS 'n IMPAK OP DIE SAMELEWING HET.**

- Help om konflik op te los.
- Sorg vir siekes en behoeftiges, insluitende Vigs-lyers, die wat wees is en slagoffers van geweld.
- Bevorder vreedsame saambestaan onder alle mense.
- Sorg vir die omgewing.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)
**[50]**

**AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou